

# Die Gelowige en die Geesteswêreld!



Gen 28:12 En hy[Jakob] het gedroom—**daar is 'n** leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.

Gen 28:13 En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee;



# Die Gelowige en die Geesteswêreld

Dis baie belangrik dat die gelowige sy posisie in Christus en sy verantwoordelikheid teenoor God moet besef asook waarmee God hom toegerus het vir die oorwinning oor die mag van die bose. Die gelowige mag nie vreesagtig wees nie,

**[2Tim 1:7 “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.” ]**

maar ook nie onkundig oor Satan se listige planne nie.

2Kor 2:11 want ons is met sy planne nie onbekend nie.

**Christus het ons toegerus met ‘n ‘geestelike’ wapenrusting,** want ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose magte in die lug.

2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,

2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans[Grieks= *logismos* = *redenasie, verbeelding, gedagte*] wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,

Alle vestings van afgodery, hoogmoed en sonde moet neergewerp en vernietig word, **soos die mure van ‘n sterk stad, en** onderwerp word aan Christus. HY is die magtige kaptein in hierdie oorlog. Hierdie oorlog word geveg in SY naam en deur SY krag word die oorwinning behaal. Elke gedagte moet gevange geneem en onderwerp word aan Christus en die Heilige Gees. Die vyand sidder en bewe vir die naam Jesus en vir Sy bloed, wat hom op Golgotha uitgeklee het.

Die ware, bloedgewaste kind van God se wettige posisie.

1. Ons is nuwe skepsels.

2Kor 5:17 Daarom, **as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe** skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Gal 6:15 Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die

onbesnedenheid enige krag, **maar 'n nuwe skepsel.**

## 2. Ons is in Christus en Christus in ons.

Jesus leer Sy dissipels dat hulle IN HOM moet bly.

Joh 15:4 Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.

Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink [sakrament van die nagmaal], bly in My en Ek in hom.

**Hier moet ons egter 'n waarskuwing rig: Indien jy nie weergebore is** nie, behoort jy nie deel te hê aan die sakrament van die nagmaal nie. [Lees 1 Kor 11:23-34]

1Kor 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en **drink 'n oordeel** oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. [Die sakrament van die nagmaal is dus vir volwassenes wat die liggaam kan onderskei.]

Daar is vir ons as ware gelowiges baie voordele verbonde aan die **onderhouding van God se geboorte in die Skrif. Ons gaan kyk na 'n** paar van hierdie voordele.

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

Joh 16:33 Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê.

IN CHRISTUS is ons lewend vir God, maar dood vir die sonde.

Rom 6:11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

Rom 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam NIE heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.

Vir die wat IN CHRISTUS IS, is daar dan geen veroordeling nie.

Rom 8:1 Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat NIE na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Ons almal saam is dan een liggaam IN CHRISTUS - die Hoof.

Rom 12:5 so is ons almal saam een liggaam IN Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar.

IN CHRISTUS het ons *wysheid uit God, geregtigheid, heiligmaking en verlossing.*

1Kor 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.

IN CHRISTUS is ons ook deelgenote aan die goddelike natuur.

2Pet 1:4 waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.

Ons moet ook IN CHRISTUS gedoop word na ons bekering en sondebelydenis:

Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die **heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**

Gal 3:26 Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus;

Gal 3:27 want julle almal wat in Christus gedoop is, **HET JULLE MET CHRISTUS BEKLEE.** [As jy dus NIE met Christus beklee is nie, is jy geestelik NAAK !]

Rom 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

### 3. Deur Christus is ons in die koninkryk van die LIG.

Hand 26:18 om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, **sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n** erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.

Kol 1:13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde,

Kol 1:14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

Die LIG en die *duisternis* het niks in gemeen nie.

2Kor 6:14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die LIG met die DUISTERNIS?

2Kor 6:17 Daarom, *gaan onder hulle uit en sonder julle af*, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

Hier spreek Paulus die gemeente in Korinthe aan oor hul vriendskap met mense wat die Evangelie van Jesus Christus nie WIL aanvaar nie. Die ware kind van God en die sondaar BEHOORT niks in gemeen te hê nie. Die lig van Christus in jou behoort die sondaar OF te dwing om op sy knieë te val en hom te bekeer van sy verkeerde weë OF te laat wegvlug van jou af. JY MOET **wees soos 'n LAMP** vir Christus. **Wanneer 'n lamp in 'n donker vertrek aangesteek word, MOET DIE DUISTERNIS VLUK.** Lig is die simbool van die WAARHEID, REINHEID, HEILIGHEID en EGTHEID, waar duisternis die simbool is van sonde, korrupsie, onheiligheid en allerhande boosheid. HOE kan LIG en DUISTERNIS dan saam verkeer in enige situasie? Hoe kan die kind van God dan boesemvriende wees met die sondaar? Watter belangstellings deel hulle? GEEN !!!

Psa 1:1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en

nie sit in die kring van die spotters nie;

Psa 1:2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

4. Ons sit in hemelse plekke saam met Christus.

Efes 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seënige in die hemele in Christus,

Ons was almal sondaars, maar omdat ons sy soenoffer aanvaar het, ons sonde bely en laat staan het, ons bekeer het van ons verkeerde weë, en Christus nou navolg in gehoorsaamheid aan Sy Woord, daarom kan ons saam met HOM in hemelse plekke sit.

Spr 28:13 Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind.

Efes 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,

Deur die doop in die dood begrawe, daarom kan ons lewend gemaak en opgewek word saam met Christus.

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvoormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

## **God ons ook toegerus vir hierdie stryd in die “geesteswêreld.”**

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.

Om tot hierdie stryd toe te tree verg ALGEHELE TOEWYDING EN GEHOORSAAMHEID AAN GOD, ‘n skoon en rein en onbespreeklike lewe voor God. Ons moet altyd onthou, SATAN EN SY DEMONE WEET PRESIES WAAR ONS MET GOD STAAN.

**Moenie vir 'n oomblik dink jy kan hom flous nie. In hierdie oorlog weet Satan presies watter bevele van "gelowiges" hy moet gehoorsaam en watter hy maar kan verontagsaam. Hy en sy demone weet maar te goed wie word ge-"backup" deur God en wie nie. Moenie met hom speel nie. Moenie hom probeer aanvat as jou saak met God nie in orde is nie. As Jesus een honderd persent aan jou kant is, het jy NIKS om te vrees nie, maar as jy "geheime sondes" het, moet jy nie eers probeer nie. Dis vir die duiwel en sy demone geen geheim nie. Jy kan die mens flous, maar NIE vir God en, of jy dit nou wil weet of nie, die duiwel en sy demone ook nie.**

Hand 19:14 **Dit was sekere sewe seuns van Skeva, 'n Joodse owerpriester, wat dit gedoen het.**

Hand 19:15 Maar die bose gees het geantwoord en gesê: Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?

Hand 19:16 Toe spring die man in wie die bose gees was, op hulle en oormeester en oorweldig hulle, sodat hulle naak en gewond uit daardie huis gevlug het.

Dis die gelowige se plig en voorreg om in oorwinning oor sonde te lewe. Ons mag Satan GEEN grond gee om op te staan nie. Geen vastrap plek in jou lewe nie.

Rom 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

Efes 4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie.

Efes 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.

Efes 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan **nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting,** sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.

Galasiërs 5 leer ons wat die vrug van die Gees is, en dít behoort die



kind van God onder alle omstandighede te uit te leef. Dis soms baie moeilik, maar ons moet ons daarin beoefen.

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Gal 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

Gal 5:25 As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.

As ons God liefhet, SAL ons SY gebooie bewaar.

1Joh 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar [=Grieks= *tay-reho* = bewaar, beskerm, waarneem, dophou, waghou, onderhou, hou vas, hou, dien, (jouself weerhou van verkeerde dinge)].

1Joh 5:3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.

1Joh 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

Die gelowige moet homself onderwerp aan God[dis die eerste voorwaarde], en die duiwel weerstaan[tweede voorwaarde], dan SAL hy vlug. Nie miskien, of oor 'n week of twee nie. God se Woord sê hy SAL van julle wegvlug. God se Woord is JA en AMEN. Satan het GEEN keuse nie!

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Ons moet met alles in ons weerstand bied teen die sonde.

Heb 12:4 Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.

2Kor 2:11 want ons is met sy planne nie onbekend nie.

Ons weet Satan begeer met sy hele hart dat ons sonde sal doen, sodat **hy 'n** vastrap plek in ons lewens kan kry.

Daarom moet ons bid dat die Here ons sal toerus met die gawe van

onderskeiding van geeste.

1Kor 12:10 ....., aan 'n ander onderskeiding van die geeste, .....

**Dit is 'n gawe wat aan gelowiges gegee word vir hul** beskerming, om Satan en sy demone te onderskei wanneer hulle kom om ons te mislei en te bedrieg. Gewoonlik hou hulle hul misleiding parallel met die waarheid, maar net-net van die spoor af. Dit lyk aanvanklik tog so REG en aanvaarbaar.

1Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

1Joh 4:2 Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;

1Joh 4:3 en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.

Die gelowige se persoonlike slagveld/oorlogsterrein.

Die **gedagtes van die mens is die “oorlogsterrein”** wat hoofsaaklik gebruik word deur Satan en sy demone. Hoe vinnig word daar nie 'n verkeerde idee in jou gedagtes 'geplant' wat jou hele dag deurmekaar krap. Daarom leer die Woord ons dat ons gedagtes vernuwe moet word.

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, **dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan** God welgevallige offer dit is julle redelike godsdienst.

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed [gedagtes], sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Dit is uiters belangrik dat ons die Bybel sal bestudeer, lees, oordink, **memoriseer en inneem, sodat ons vir ons 'n “skatkamer” van die** Woord, in ons hart kan opbou. So dissiplineer ons ons gedagtes om rein, lieflike en loflike dinge te bedink, met ons gedagtes onverdeeld op God gerig.



Fil 4:8 Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit.

Fil 4:9 En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.

Die vleeslike, natuurlike dinge wat ons heeldag bedink is nie vir God aanvaarbaar nie.

Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;

Selfs die gedagtes wat heeldag en aldag deur ons koppe maal moet gevange geneem word en aan Christus onderdanig **gemaak word. Dan sal ons taal ook verander. Ons sal 'n 'goddelike' taal praat. Die Woord van God sal voortdurend uit ons binneste stroom.**



Omdat ons geen beheer uitoefen oor ons gedagtes, is dit vir die vyand so maklik om iets in ons gedagtes te plaas. Dan oordink ons dit gedurig en voor ons dit besef praat ons daarvoor en kort voor lank **manifesteer dit en word 'n werklikheid in ons lewens. So gaan dit met alle sonde. Eers ontstaan die gedagte, dan 'voed' ons dit, en op die einde word dit 'n daad.**

In ons gedagte wêreld val die vyand ons aan met vurige pyle van moedeloosheid, depressie, vrees, ongeloof, bese gedagtes, emosionele en verstandelike folteringe, sataniese beskuldigings en misleiding. Hy gebruik ook allerhande bese suggesties, verkeerde idees, valse filosofieë, versoekings en allerhande ander leuens.



Satan het vele 'segsmanne'. Hy gebruik die nuusblaaië, boeke, televisie, tydskrifte, die radio, vriende, familie en selfs valse predikers om ons te beïnvloed.

Vul jou gedagtes met die Woord van God, deurspoel dit, oorstrom dit met die Woord, ken die Woord en vervang daardie verkeerde insetsels van die vyand met die Woord. Dan kry verkeerde gedagtes GEEN kans om te groei en tot wasdom te kom nie. Die Woord versterk en voed ons en dit rus ons toe vir die stryd teen die vyand. Sing heeldag lofliedere tot eer van die Here. Duiwel en sy trawante hou nie daarvan nie.

Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is **'n beoordelaar** van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Drie bronne waarvandaan gedagtes ontstaan.

1. Van die mens self:

Mat 16:13 En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?

Mat 16:14 En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete.

2. Van God af:

Mat 16:15 Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek?

Mat 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Mat 16:17 Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.

3. Van die duiwel/bose geeste af:

Mat 16:21 Van toe af het Jesus begin om sy dissipels te toon dat Hy na Jerusalem moes gaan en veel van die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood en op die derde dag opgewek word.

Mat 16:22 Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom



nie!

Mat 16:23 Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

Ons moet leer om te onderskei waarvandaan ons gedagtes kom. Moe-nie gedagtes koester wat teenstrydig met die Woord van God en die Gees van God is nie. Blus dit uit met die Woord van die Here. Onthou dis OORLOG - die vyand het geen gena-de vir jou nie!!!! Sê vir hom: "daar staan geskrywe", en kwoteer die skrif soos Jesus in Mat 4.

Die Here sê ons moet só oorlog maak!

Jer 50:21 ....., trek daarteen op .....! Verwoes en tref met die banvloek agter hulle, spreek die HERE, en doen net soos Ek jou beveel het. [LEES DIE BYBEL, SY be-vele en opdragte is daarin!!!]

Hierdie geestelike oorlog vind plaas op drie fronte.

1. Die vlees: - die begeertes van die vlees.

Hy maak soms gebruik van ons vyf sintuie. Dis die fisiese deel waar-mee die mens kontak met die natuurlike wêreld rondom hom het. Dink maar net aan koning Dawid - wat hy met sy oë gesien het, het tot sonde gelei. [2 Sam 11:2-3]

1Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is—die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe—is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

Gal 5:24 Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

Een van die grootste probleme om te oorkom is juis daardie 'VLEES,' die EIE EK wat gekruisig moet word. [Me, I and Myself.]

Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die be-geerlikheid van die vlees volbring nie;

Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie

Gal 6:8 Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.

2. Die wêreld: - die liefde vir die wêreld en wêreldse dinge.  
1Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

3. Die duiwel: - sy misleiding en versoekings.

Ons kán die wêreld, die vlees en die duiwel oorwin, deur Christus wat ons die krag gee!

1Kor 15:57 Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.



Satan val ons liggame aan:

Ander vurige pyle wat die liggaam tref is siektes, kwale en allerhande pyne. Kwelgeeste of Teistergeeste val die gelowige se liggaam aan met siektes/pyne om hom/haar moedeloos te maak. In die hoop, dat gelowiges God sal kwalik neem omdat hulle nie gesond is nie. Ons moet die Woord van God opneem en die geestelike wapens wat Hy ons gegee het gebruik om die vyand te oorwin in die Naam van Jesus Christus.

Ken die Woord van God! Satan mislei en bedrieg ons, as gevolg van ons onkunde oor wat in die Woord staan.

Satan val graag aan wanneer jy 'n laagtepunt in jou lewe bereik het, wanneer jy swak en moeg is. En hy doen dit BAIE graag in die nag. Hy het Jesus aangeval net nadat Hy vir veertig dae in die Woestyn gevas en gebid het. Jesus was honger en moeg, maar het telkens sy slinkse suggesties en versoekings oorwin deur te sê: "DAAR STAAN GESKRYWE ....." HY het die skrif geken, dit gekwoteer en was in alle omstandighede gehoorsaam aan

die Woord van God. Net so moet ons ook die vyand weerstaan.

Jesus leer ons dat Satan die vader van die leuens is.

Joh 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, **omdat hy 'n** leuenaar is en die vader daarvan.

HY leer ons dat Satan net kom om te steel en te verwoes.

Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes.

Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Wanneer die Woord verkondig word, steel Satan die Woord deur die mense te oorreed om sy leuens te glo.

HY leer ons ook dat die waarheid ons sal vrymaak.

Joh 8:32 En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.

Sodra ons WEET WAT die Woord sê en dit GLO is ons gereed vir die geveg teen die vyand.

Petrus leer ons:

Om nugter en waaksaam te wees, want die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu - hy wil ons aanval. Ons moet onself verdedig. Hy sal ons graag wil bedrieg om sy leuens te glo wat ons geloof sal vernietig, maar ons moet hom juis weerstaan deur ons geloof.

1Pet 5:8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, **loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.**

1Pet 5:9 Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof, omdat julle weet dat dieselfde lyding opgelê word aan julle broederskap wat in die wêreld is.

Jakobus leer ons:

Ons moet ons onderwerp aan God deur ons te onderwerp aan SY Woord. Weerstaan die duiwel en hy sal vlug. Weereens verdedig ons onself aangesien die duiwel ons aanval. Hy het geen rede om te bly as ons nie sy leuens glo, of sy suggesties navolg, of in sy verzoekings verval nie.

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle weglug.

Johannes leer ons:

As ons in God se waarheid bly, in die koninkryk van die lig, kan ons die geeste en werke van die duisternis onderskei [verdedig] en dan glo ons nie die leuens wat in ons gedagtes geplant[aanval] word nie.

1Joh 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

1Joh 4:4 Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.

Paulus leer ons:

Om weerstand te bied, staande te bly, vas te staan, nie die vyand se leuens te glo nie[te verdedig] in die dag van onheid [die dag van die aanval]

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Efes 6:14 Staen dan vas, .....

Uit bogenoemde blyk dit dat ons geveg hoofsaaklik uit VERDEDIGING bestaan, NADAT die vyand ons aangeval het. Ons verdedig onself dus teen die vyand deur die Skrif te ken, te verstaan, te glo en aan te wend. [Daar staan geskrywe.....]

## Heidense gebruike.

Net soos wat heidense gebruike verbode was vir die volk Israel, net so is dit ook verbode vir die ware gelowige. Hierdie heidense gebruike het ontstaan uit húl afgodsaanbidding, en ons mag ons nie daarmee vereenselwig nie. Dit veroorsaak dat die duiwel vastrapplek in ons lewens kry en dus die rég het om ons te benadeel. Daar is verskeie gebruike wat vandag selfs in ons eie



land beoefen word en dan kan die meerderheid van mense niks daarmee verkeerd 'sien' nie. Deur heidense gebruike te beoefen, kan ons die duiwel 'n vastrap plek in ons lewens gee.

Moenie LEER om volgens die GRUWELS VAN DAARDIE NASIES te doen nie...

Deut 18:9 As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.

Deut 18:10 Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan [menslike offers]— wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,

Deut 18:11 of wat met besweringe omgaan, of wat **'n gees van 'n afgestorwene** [Spiritisme] vra of **'n gees wat waarsê**, of wat die dooies raadpleeg nie.

Deut 18:12 Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die **HERE 'n gruwel**; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.

Verklarings van Voortekens en goëlery:

Lev 19:26 Julle mag niks met bloed en al eet nie. Julle mag nie met verklaring van voortekens of goëlery omgaan nie. [Voortekens= Prognostication/Observing Times= to foretell by indications, omens, signs, etc.]

Kinders vir MOLOG offer, Towery, Dodebesweerders, Waarsêers, Geeste van Afgestorwenes:

Lev 18:21 En van jou kinders mag jy nie gee om vir Molog [die songod van die Ammoniete] deur die vuur te laat deurgaan nie, dat jy die Naam van jou God nie onheilig nie. Ek is die HERE.

2Kron 33:6 Ook het hy self sy seuns deur die vuur laat deurgaan in die dal van die seun van Hinnom en met goëlery en verklaring van voortekens en towery omgegaan en dodebesweerders en waarsêers aangestel; hy het baie gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, om Hom te

terg.

Hand 16:16 **En terwyl ons op pad was na die bidplek, kom 'n slavin met 'n waarsêende gees ons teë, wat vir haar eienaars deur waarsêery groot wins ingebring het.**

Jer 14:14 En die HERE het vir my gesê: Die profete profeteer vals in my Naam; Ek het hulle nie gestuur en hulle geen bevel gegee en met hulle nie gespreek nie; **hulle profeteer vir julle 'n** leuengesig en nietige waarsêery en bedrieëry van hulle hart.

Miga 3:11 **Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk, en sy** priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld.

Hierdie is 'n baie hartseer saak, aangesien ons bewus is van "profete" wat van hierdie 'metode' gebruik maak om in die kerk vir gelowiges te profeteer. [Vir geld.]

Lev 19:31 Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die HERE julle God. [Necromancy = divination by means of pretended communication with the dead.]

Lev 20:6 **En as 'n persoon hom begewe tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê om agter hulle aan te hoereer, sal Ek my aangesig teen dié persoon rig en hom uitroei onder sy volk uit.**

Lev 20:27 **En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle.**

Geeste van afgestorwenes kan net op een van twee plekke wees volgens die Bybel. In die hemel of in die doderyk. Hulle dwaal hoegenaamd nie hier op aarde rond nie. Al wat hier ronddwaal is die duiwel en sy demone. Dan hoor ons iemand sê: "Ja, maar dit was regtig my oorlede ma/pa wat hier by my bed gestaan het. Ek het gehoor hoe praat hy/sy met my en hulle was dierbare kinders van

die Here." Ons sê NIE jou ouers is demone NIE, maar dis demone wat VOORGEE dat hulle jou ouers is. Hulle ken jou ouers se lewe hier op aarde, en weet presies hoe pa of ma sou praat, met die hand beduie, ens, ens. Nou word alles nageboots om jou te oortuig dis pa/ma wat gesê het hy/sy kan nie tot rus kom nie omdat ..... Glo jy hom en doen wat hy sê, gaan jy heel moontlik groot probleme vir jouself of iemand anders veroorsaak. Die duiwel en sy demone is BAIE goeie NABOOTERS.

Towery:

Hand 8:9 **En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore** in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaria verbyster deur te sê dat hy iets besonder was. [Towery = "Magic= any pretended supernatural art or practice." Betower/Toor/tower= "Charm/Enchantment= to put a spell upon."]

Hand 19:19 en verskeie van die wat met towery omgegaan het, het die boeke bymekaargebring en voor almal verbrand; en hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwerstukke was. [Tref dit met die banvloek.]

In Openbaring 9 lees ons die volgende [- dit is na die eerste drie en 'n half jaar van die sewe jaar verdrukking!]

Open 9:21 En hulle het hul nie bekeer van hul moorde en hul toewerye en hul hoerery en hul diefstalle nie.

Exo 22:18 Die towerheks[Witch] mag jy nie laat lewe nie. [Witchcraft = practice of dealing with evil spirits. Die manlik vir towerheks is towenaar = Wizard.]

Vol van wat die Ooste aanbied:

Jes 2:6 Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied[afgodery, astrologie, waarsêery, ens.], en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel.

Vandag nog is die oosterse lande afgodsaanbidders wat allerhande

duiwelskunste beoefen. Gelowiges behoort baie versigtig te wees vir goed wat van die ooste af kom. [Fortinvertellers/handpalmlesers.]

### Besweringe, Sterrekykers:

Jes 47:12 Tree tog op met jou besweringe en met die menigte van jou towerye waarmee jy jou vermoei het van jou jeug af; miskien kan jy iets uitrig, miskien kan jy skrik aanjaag!

Jes 47:13 Jy het jou vermoei met die menigte van jou planne; laat hulle tog optree en jou red—die wat die hemel indeel, die sterrekykers wat elke maand laat weet wat oor jou sal kom.

[Astrologie/Sterrewiggelary= Astrology/Star Gazing= divination by stars - dit word uitgevoer met behulp van demone= familiar spirits.

### Kersboom:

Jer 10:2 So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie.

Jer 10:3 **Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl.**

Jer 10:4 Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie.

Dit is die wêreld se geliefde kersboom waarvan hier gepraat word. Dis weereens die heidene wat die boom afkap en versier en nou doen ons almal dit.

### Dobbel, LOTTO, Lootjies, Kompetisies:

[Every "blessing" from the devil, turns out to be a curse.]

Jes 65:11 Maar julle wat die HERE verlaat, wat my heilige berg vergeet, **wat 'n tafel dek vir die geluksgod** en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot—

Jes 65:12 Ek sal julle bestem vir die swaard, en julle almal sal buig om geslag te word, omdat Ek geroep maar julle nie geantwoord het nie, Ek gespreek maar julle nie geluister het nie, maar

gedoen het wat verkeerd is in my oë en ver kies het wat My nie behaag nie.

Afgods beelde [bv Buddah]

Deut 7:25 Die gesnede beelde van hulle gode moet julle met vuur verbrand; die silwer en die goud wat daaraan is, mag jy nie begeer of vir jou neem nie, dat jy nie daardeur verstrik raak nie; want dit **is vir die HERE jou God 'n** gruwel.

Jy mag nie eers die silwer of goud wat op die beeldjies is hou nie. Alles moet verbrand word.

Deut 7:26 En jy mag geen gruwel in jou huis inbring nie, so dat jy nie net so onder die banvloek kom nie; jy moet daar heeltemal 'n afsku van hê en dit geheel en al as gruwel beskou; want dit is onder die banvloek.

Klink altevol baie na die Televisie stel waarvan hier gepraat word. Dit het mos vir baie 'gelowiges' 'n afgod geword, en laat geen tyd vir Bybelstudie en gebed nie.

Deut 12:31 So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.

Klere:

Sefanja 1:8 En op die dag van die offer van die HERE sal Ek [die Here] besoeking doen oor die vorste en die prinse en oor almal wat uitlandse klere dra.

Israel was deur hul kleredrag daaraan herinner dat hul aan God behoort. Op die voorkop van die priester, aan die tulband vasgeheg, was 'n goue plaatjie waarop gegraveer was "Heilig aan die Here." Die keuse van uitlandse klere het hul begeerte geopenbaar om soos die nasies van die wêreld te wees, die heidene van die ander lande. Die uiterlike [kleredrag] is altyd 'n aanduiding van wat in die hart aangaan. Vreemde kleredrag, openbaar 'n vreemde 'hart'.

Deut 22:5 'n Vrou mag geen mansklere dra nie, en 'n man mag geen vrouensklere aantrek [nie eers vir die "grap" nie] nie; want almal wat dit doen, is vir die HERE jou **God 'n gruwel**. [God wil die duidelike onderskeid sien.]

In die aanbidding van Venus [Afgodsaanbidding], het die heidense vrouens geharnas en gepantser [in oorlogsgewade] en die mans in vrouens klere voor haar [Venus] verskyn.

Heidense handelinge veroorsaak dat die LAND ONREIN word:

Deut 20:18 sodat hulle julle nie leer om te handel volgens al hulle gruwels wat hulle vir hul gode gedoen het, en julle teen die HERE julle God sondig nie.

Lev 18:27 Want die mense van die land, wat voor julle gewees het, het al hierdie gruwels gedoen, en die land het onrein geword.

Ons kan net dink hoe onrein en besmet Suid-Afrika al is, as gevolg van alles wat die afgelope jare hier plaasgevind het. Onrein en besmet en vol booshede. Hoeveel onskuldige bloed is daar nie wat tot God roep nie. Behalwe al die moorde is daar nog al die onskuldige ou babatjies wat deur middel van aborsies vermoor word.

## Verskillende soorte geestelike wesens.

Serafs- het ses vlerke:

Jes 6:2 Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg.

Jes 6:3 En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskaar. Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol!

Gérubs - het vier vlerke:

Eze 1:5 En daaruit het die gestalte van vier wesens gekom, en dit was **hulle voorkoms: hulle het die gestalte van 'n mens gehad;**

Eze 1:6 en elkeen het vier aangesigte gehad en elkeen van hulle vier vlerke;

Gen 3:24 So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak.

Lewende Wesens:

Open 4:6 **en voor die troon was daar ‘n see van glas soos kristal, en** in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.

Open 4:7 En die **eerste lewende wese was soos ‘n leeu**, en die **tweede lewende wese was soos ‘n kalf**, en die derde **lewende wese het ‘n gesig gehad soos ‘n mens**, en die vierde **lewende wese was soos ‘n arend wat vlieg**.

Open 4:8 En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

Geestes Perde en Waens van Vuur:

2Kon 2:11 En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens **‘n wa van vuur met** perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.

2Kon 6:17 En Elísa het gebid en gesê: HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elísa.

Sag 1:8 **Ek het in die nag ‘n gesig gesien—daar was ‘n man wat op ‘n bruin perd ry**, en hy het gestaan tussen die mirtebome wat in die diepte was; en agter hom was daar bruin, vos en wit perde.

Sag 1:9 Toe sê ek: Wat beteken dit, my heer? En die engel wat met my gespreek het, antwoord my: Ek sal jou toon wat dit beteken.

Sag 1:10 En die man wat tussen die mirtebome gestaan het, het aangehef en gesê: Dit is hulle wat die HERE gestuur het om die aarde te deurkruis.

Sag 6:1 En ek het weer my oë opgeslaan en gekyk—daar was vier strydwaens wat tussen die twee berge uit te voorskyn kom, en die berge was berge van koper.

Sag 6:2 Voor die eerste wa was bruin perde, en voor die tweede wa swart perde,

Sag 6:3 en voor die derde wa wit perde, en voor die vierde wa bont perde, sterkes.

Sag 6:8 Toe het Hy my geroep en aan my dit gesê: Kyk, die wat uit-trek na die land van die noorde, hulle bring my Gees tot rus in die land van die noorde. [Interessant as ons daaraan dink dat die hemel in die Noorde lê. =Jes 14:13, Ps 48:3, Job 26:7]

Open 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en **daar was 'n** wit perd, en Hy[JESUS] wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Aartsengel:

Aartsengele is die hoof engele wie heers oor koninkryke en planete.

1Thes 4:16 **Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n** geroep, **met die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Jud 1:9 Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordstryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!

Mígael= "who is like God" :

Die prins van Israel.

Dan 12:1 En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, **optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan** het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.

Open 12:7 En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy



engele het oorlog gevoer teen die draak[duiwel], en die draak en sy engele het oorlog gevoer;

Gabriël = "man of God":

Dan 9:21 terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël **wat ek, uitgeput van vermoënis, 'n vorige keer in die gesig gesien** het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer.

Dan 9:22 En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek heengegaan om jou insig te gee.

Dan 10:12 Toe sê hy[Gabriël] vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom;

Dan 10:13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ek het daar oorgebly by die konings van Persië.

Dan 10:14 Ek het dan gekom om jou inligting te gee oor wat jou volk aan die einde van die dae te beurt sal val, want die gesig sien nog op die verre toekoms.

Luk 1:19 En die engel antwoord en sê vir hom: Ek is Gabriël wat voor God staan, en ek is gestuur om met jou te spreek en jou hierdie goeie tyding te bring.

Luk 1:26 En in die sesde maand is die engel Gabriël deur God gestuur na 'n stad in Galiléa met die naam van Násaret,

Lucifer = Morester:

Die oorspronklike heerser van planeet aarde en die huidige aanklaer en beskuldiger van die gelowiges. Die Owerste van die mag van die lug.

Jes 14:12 Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!

Efes 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug,

van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,

Open 12:7 En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak[Satan], en die draak en sy engele het oorlog gevoer;

Open 12:8 en hulle[Satan en sy engele] kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel[wolke hemel] nie meer te vinde nie.

Open 12:9 En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Ons moet daarop let watter simbole vir Satan gebruik word in die Skrif, en altyd onthou daardie simbole behoort aan Satan en kan deur hom gebruik word om 'n vastrapplek in jou lewe te kry. Wees maar versigtig vir simbole op klere en klere-etikette. Baie gewild deesdae is die sombole van drake, allerhande demoniese simbole en demoniese gesigte op T-hemde, ens.

Onbekende Prinse van Persië en Griekeland:

Dan 10:13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

Dan 10:20 Toe sê hy: Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet dan nou teruggaan om te veg met die vors van die Perse; en as ek heengegaan het, kyk, dan kom die vors van Griekeland.

Hieruit word afgelei dat demoniese vorste aangestel is oor verskillende lande en volke, veral volke wat die Evangelie van Jesus Christus teëstaan en afgode aanbid.

Gewone Engele het twee vlerke:

Ons kry engele NET in die manlike geslag. Een engel is so sterk dat hy in een nag 185,000 man verslaan het.

2Kon 19:35 En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd vyf en tagtig du-

isend verslaan; en toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak—was dit almal dooie liggame!

Engel beteken boodskapper.

Heb 1:7 En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme;

Engele is dienende geeste.

Mat 4:11 Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien.

Heb 1:14 Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?

God gee bevele aan engele. Ons kan en mag onder geen omstandighede bevele aan engele gee of hulle aanbid nie. [Ons kan egter vir God vra om Sy engele aangaande ons bevel te gee om ons te beskerm.]

Psa 91:11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.

Psa 103:20 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!

Hieruit blyk dit dat die engele God se woord volbring. Wanneer ons God se Woord spreek, sien hulle toe dat dit volbring word, want God het mos belowe Sy Woord sal nie leeg na Hom terugkeer nie.

Luk 16:22 En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham.

En hier sien ons dat die engele die gelowiges hemel toe neem wanneer hulle sterf.

Die engele stel belang in dit wat in die kerk gebeur.

1Pet 1:12 Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is—dinge waarin die engele begerig is

om in te sien.

1Kor 11:10 **Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof**  
hê ter wille van die engele.

Engele kan onwetend as gaste geherberg word.

Heb 13:2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige,  
sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

Engele ervaar blydschap wanneer 'n sondaar hom bekeer.

Luk 15:10 So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God  
oor een sondaar wat hom bekeer.

Daar is spesiale engele toegesê aan kindertjies.

Mat 18:10 Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies[kindertjies]  
verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd  
die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.

[Sien ons boekie oor Engele.]

Duiwels/Demone:

Hulle het geloof:

Jak 2:19 Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit  
ook, en hulle sidder.

Hulle ken en vrees Jesus:

Mar 1:23 **En daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees;**  
en hy het uitgeskreu

Mar 1:24 en gesê: Hou op! Wat het ons met U te doen,  
Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te ver-  
delg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God!



Hulle weet dat daar pyniging op hulle wag:

Mat 8:28 En toe Hy aan die oorkant kom, in die land van  
die Gergeséners, het twee duiwelbesetenes Hom ont-  
moet, wat uit die grafte uitgekom het en baie kwaai was,  
sodat niemand met daardie pad kon verbygaan nie.

Mat 8:29 En meteens skreue hulle en sê: Wat het ons met U te  
doen, Jesus, Seun van God? Het U hier gekom om ons  
voor die tyd te pynig?

Hulle aanvaar JESUS se mag oor hulle en smeeek vir genade:  
Mat 8:31 En die duiwels het Hom gesmeek en gesê: As U ons  
uitdryf, laat ons toe om in die trop varke te vaar. [Demone woon  
in mense en diere.]

Demoniese Springkane:

Open 9:2 En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het  
**rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son**  
en die lug is deur die rook van die put verduister.

Open 9:3 En uit die rook het daar sprinkane uitgekome op die  
aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde  
mag het.

Demoniese Perderuiters:

Open 9:17 En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die  
wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swavelgeel borshar-  
nasse. En die koppe van die perde was soos leekoppe, en  
uit hulle bekke het vuur en rook en swavel uitgegaan.

Open 9:18 **Deur hierdie drie plaes is 'n derde van die mense gedood,**  
deur die vuur en deur die rook en deur die swavel wat uit hulle  
bekke uitgegaan het;

Open 9:19 want hulle mag is in hulle bek en in hulle sterte; want  
hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig  
hulle skade aan.

Die Gees van die mens:

Spr 20:27 Die gees van die mens **is 'n lamp van die HERE, dit**  
deursoek al die kamers van die binneste.

Sag 12:1 Godspraak. Die woord van die HERE oor Israel. Die HERE  
spreek, wat die hemele uitsprei en die aarde grondves en die gees  
van die mens in sy binneste formeer:

1Kor 2:11 **Want wie van die mense weet wat in 'n mens is,** behalwe  
die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand  
wat in God is nie, behalwe die Gees van God.

## Hoe om staande te bly gedurende hierdie geestelike oorlogvoering:

Efesiërs 6:10-18 word die Christen se handleiding vir geestelike oorlogvoering genoem.

Efes 6:10 Eindelijk, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die ewangelie van vrede.

Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bese sal kan uitblus.

Efes 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Efes 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

Ons word nêrens aangesê om ons wapenrusting uit te trek nie.

Dit is die lewenswyse van die gelowige. Daar is 'n paar dinge-tjies wat ons altyd moet onthou.

1. Ons krag lê in Jesus Christus.

Efes 6:10 Eindelijk, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

2. Die oorlogsveld is ons gedagtes.

2Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar

kragtig deur God om vestings neer te werp,  
2Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp  
word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem  
tot die gehoorsaamheid aan Christus,

Die simptome manifesteer wel soms in die fisiese realm.

Luk 13:11 **En daar was 'n vrou wat 'n gees van krankheid**

agttien jaar lank gehad het, en sy was inmekargetrek en glad  
nie in staat om regop te kom nie.

3. Die VOLLE wapenrusting van GOD is nodig in ons daag-  
likse oorlogvoering.

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle  
staande kan bly teen die liste van die duiwel.

4. Ons oorlogvoering sluit wesens in wat uiters sterk en  
kragtig is.

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar  
teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheers-  
ers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose  
geeste in die lug.

5. God het alles voorsien wat ons nodig het om staande te  
bly.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat  
julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles  
volbring het, staande kan bly.

6. Identifiseer elke gedeelte van die wapenrusting en maak  
seker dat jy dit aantrek.

(a) die gordel van die waarheid

Lewe in die waarheid van Jesus Christus en glo en gebruik die  
waarheid in God se Woord.

(b) die borswapen van die geregtigheid aan

Ons is 'n nuwe skepsel in Christus, identifiseer met die beeld van  
Christus, en heiliges genoem

(c) as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evan-

gelie van vrede.

Verkondig die Evangelie van Jesus Christus aan die mensdom.

- (d) die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.  
'n Skild is die skerm tussen die soldaat en die vyand se pyle. Ons geloof in God en Jesus Christus is daardie skild. Al die wapens opereer meer effektief IN GELOOF - defensiewe sowel as offensiewe wapens.
- (e) die helm van verlossing  
Die helm beskerm die hoof. Ons verlossing is seker en die sekerheid van hierdie wete is die beskerming van ons hoof- ons gedagtes.
- (f) die swaard van die Gees—dit is die woord van God—  
Spreek die Woord van God- Sy beloftes in geloof. Ons swaard sluit die Woord van God en die naam van Jesus in.
- (g) terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, - die kragtige gebed van die regverdige.  
Deur gebed bly ons in God se vrede en krag, ons word beskerm teen angstigheid en bekommernis, en ons werp ons sorg op Hom.
- (h) Die krag van lofprysing moet ons nie vergeet nie.  
Psa 149:5 .....; laat hulle jubel op hul bedde.  
Psa 149:6 Lofverheffing van God is in hulle keel, **en 'n tweesnydende swaard in hulle hand;**  
Ps22:4 Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!  
Efes 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,
- Hand 16:25 En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister.



Hand 16:26 **En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.**

Open 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

Jesus leer ons:

Mar 14:38 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

In Judas word daar 'n waarskuwing aan ons gerig:

Ons moet altyd onthou Satan en sy demone is magtige wesens. In ons menslike hoedanigheid kan ons hulle nie teenstaan of beveg nie.

Ons moet in Christus wees en hulle beveg in die krag van Sy sterkte. In ons eie krag is ons niks.

Jud 1:8 Tog besoedel ook hierdie mense net so in hulle dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens.

Jud 1:9 Maar toe Mígael, die aartsengel, met die duiwel in woordestryd was oor die liggaam van Moses, het hy geen oordeel van lastering durf uitspreek nie, maar het gesê: Die Here bestraf jou!

ONTHOU:

Dit het net een gat in die romp van die Titanic gekos om die hele skip te sink. Net een sonde['tjie'] wat gekoester word, kan 'n mens geestelik 'sink', want Satan kan sy hele koninkryk deur daardie klein openingtjie stuur.

Ons kan deur die vyand versoek word, deur sy aanvalle beswaard raak, deur hom lastig geval word, en geteister word, maar ons kan nie deur hom beheer word solank ons onder Christus se beheer is nie.

Die meeste aanvalle van die vyand werk nie op 'n persoon wie die vlees gekruisig het nie, en nederigheid is 'n pantser wat die vyand beswaarlik kan deurdring nie.

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



### Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Amos 4:12 .....—maak jou klaar om jou God te ontmoet, .....

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en reenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek spreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \ Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Saamgestel deur:

Past Willie Horne  
Posbus 872  
KLEINBRAK  
6503

Tel/Fax (044) 696-5891  
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

## Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

